

## FACULTY OF MEDICINE AND HEALTH SCIENCES

### Student Diversity on the Clinical Training Platform

The Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) strategy wishes to foster a people-centred institutional culture that advances personal development, health and wellness, diversity, inclusivity, equality and other human rights. The success of this is, amongst others, an inclusive and welcoming environment where everyone is treated with respect and dignity.

The FMHS further facilitates students' educational opportunities that develop graduate attributes. These include the graduate as change agent, advocate and individuals who are tolerant of each other's values, beliefs, cultures and lifestyles.

The development of such attributes is enhanced by the philosophy of our residence policy that encourages students from all walks of life to cohabit a residence and grow together as young adults. It is not expected that students of different genders share a room *but the faculty cannot guarantee that students of different genders will be placed in separate houses. In instances where individuals find this unacceptable and wish to forgo the accommodation provided by the university, the cost of accommodation will be for their own account.*

The Faculty prides itself in providing clinical rotation opportunities on a diverse clinical platform in urban settings as well as rural and underserved communities. We have a system that provides student accommodation when the distance to such site is far from the campus.

We therefore encourage students of different backgrounds, cultures and religions to take forward the live and learn philosophy on our extensive network of student accommodation on the clinical platform.

The University acknowledges that although we operate in a religious environment, we are in principle an academic institution, not a religious institution, and can therefore not adhere to all religiously motivated requests not to live and learn together.

Developed by Therese Fish

10 June 2014 (updated on 14 August 2014 after TSR feedback)

Approved by Faculty Management on 21 August 2014

## FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

### Studentediversiteit op die Kliniese-opleidingsplatform

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) volg 'n strategie wat daarop ingestel is om 'n mensgerigte institusionele kultuur te kweek waarin persoonlike ontwikkeling, gesondheid en welwees, diversiteit, inklusiwiteit, gelykheid en ander menseregte kan gedy. 'n Inklusiewe en verwelkomende omgewing waarbinne almal met respek en menswaardigheid behandel word, sou een van die aanduidings wees dat die Fakulteit hierin geslaag het.

Die FGGW fasiliteer ook opvoedkundige geleenthede vir studente wat hulle help om die kenmerke van gegradueerdes aan die Universiteit Stellenbosch te ontwikkel. Dit behels onder meer dat gegradueerdes agente van verandering sal wees, kampvegters en persone wat verdraagsaam teenoor mekaar se waardes, oortuigings, kulture en lewenswyses is.

Die ontwikkeling van hierdie kenmerke word bevorder deur die filosofie wat ons koshuisbeleid begrond: dat studente vanuit alle samelewingsektore aangemoedig word om saam te woon en saam as jong volwassenes te groei. Daar word nie van studente van verskillende geslag verwag om 'n kamer te deel nie, *maar die Fakulteit kan nie waarborg dat studente van verskillende geslagte in afsonderlike koshuise uitgeplaas sal word nie. Persone wat die reëlings onaanvaarbaar vind en verkies om nie gebruik te maak van die huisvesting wat die Universiteit verskaf nie, moet self hulle verblyfkoste dra.*

Die Fakulteit is trots daarop dat ons aan studente geleentheid bied vir kliniese rotasies op 'n diverse kliniese platform onder stedelike sowel as landelike onderbediende gemeenskappe. Die stelsel voorsien huisvesting aan studente wat uitgeplaas word by rotasiepersele wat ver van die kampus af is.

Ons moedig dus studente vanuit verskillende agtergronde, kulture en geloofsoortuigings aan om die Fakulteit se leef-en-leer-filosofie uit te dra na ons uitgebreide netwerk studentehuisvesting oor die kliniese platform heen.

Die Universiteit erken dat, hoewel ons in 'n gelowige samelewing funksioneer, ons in beginsel 'n akademiese instelling is eerder as 'n godsdienstige instelling, en dus nie kan voldoen aan alle versoeke weens godsdienstige redes om nie in gemeenskap te leef en te leer nie.

Opgestel deur Therese Fish

10 Junie 2014 (bygewerk op 14 Augustus 2014 na aanleiding van TSR-terugvoer)

Goedgekeur deur die Fakulteitsbestuur op 21 Augustus 2014